LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

OORGEE OMGEE AANGEE

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

7 APRIL 2019

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Petrie de Villiers
Vyfde week in Lydenstyd

Fokusteks uit Leesrooster: Jes. 43:1-21
RCL tekste: Fil 3:4-14; Joh 12:1-8
Ps 126
Deurkollekte: Gemeentebediening

BELOFTELAND: 09h00-10h15

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15
GROOTGROEP: 09h00 - 09h15
Onderskeie klassies: 09h15 - 10h15
Liesbet: Gr 7 in die "Gat"

KONTAK: Karin Kuys @ 0836430653

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 (17h30)

KONTAK:
Constant @ 072 224 3267

KNIEWERK: Petrie vir boodskap

- Fransie de Jager herstel na rug-operasie,
- Johan Strydom in hospitaal
- Innige meegevoel met Dorothea Schoeman en familie met die heengaan van haar stiefdogter
- Innige meegevoel met Leon Strauss en familie met heengaan van sy moeder
- Rina van Deventer (beroerte)
- Caty Huysamen vir gesondheid
- Lees asb Susan Baard se dankie briefie op bl 3

FOKUSTEKS: Jes. 43:1-21

Jesaja het konsekwent gesê dat dit nie God se skuld is dat hulle in ballingskap is nie en dat dit nie God is wat stom en doof is nie, maar hulle wat stom en doof was vir God se Woord.
Daarom is hulle in ballingskap.
Hoe klink God se woorde in Jes. 43:1–4 vir die ballinge? God beloof as't ware 'n tweede Eksodus waar hulle van alle windstreke weer na die Beloofde Land sal terug keer. Wat word as die doel hiervan gegee? Vs 10 sê: "**sodat julle My kan ken en in My kan glo en kan besef dat Ek die Here is.**"

In Jesus begin God se groot herskep-pingsdaad. Daarom moet ons ook onthou om vorentoe te kyk en fokus op God se nuwe aarde wat Hy vir ons as gelowiges gereedmaak. God se belofte van 'n nuwe hemel en nuwe aarde is vir elke kind van God bedoel. Hierdie belofte van God, wat waar geword het; Jesus Christus se koms, sy lyding, sy kruisdood, sy opstanding, help ons om vorentoe te kyk en seker te wees van 'n nuwe lewe vir elkeen van ons. Niks is daarom op aarde so dood, so vergane, so hopeloos, dat nuwe lewe nie moontlik is nie; nie ons dooie huwelike, gebroke verhoudinge met familielede, probleme met ons kinders, slegte verhoudings by die werk, niks is te stukkend dat God dit nie kan heel maak en nuut maak nie.

Die lydende Jesus is ons hoop op God se nuwe dade. Laat die Heilige Gees toe om ons oë oop te maak om dit raak te sien.
-Willem Botes -

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak kerkkantoor @ 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:
19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Kontak: Jackie Strauss @ 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:
09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool
Module 1 & 4 **@ Konsistorie of Raadsaal**
Kontak: Kerkkantoor @ 021 853 5991
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:
08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Kleinsaal
Kontak Kerkkantoor @ 021 853 5991
09h00: Gebedsgroep in Moederskamer
Kontak: Kerkkantoor @ 021 853 5991
09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool
Module 2 & 3 **@ Konsistorie of Raadsaal**
12h00: SNUFFELMARK in Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Kontak: Gail Fourie @ 083 789 2190
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:
09h00: Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:
05h30: Mannebyeenkoms by Smiling Oven
Nic Huisman @ 082 552 2423
06h00: Mannebyeenkoms in Konsistorie
Kontak: Kerkkantoor @ 021 853 5991
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20

"want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens 'n heerlike koppie tee/koffie saam met ons in die voorportaal.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....

ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 082 949 2045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

BELOFTEROLLE: Ons wil jou graag uitnooi om agter in die kerk 'n belofterol te neem. Dis gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

Liewe Ds Petrie, en die hele gemeente,
Baie, baie dankie vir almal se gebede, met ons kleinseun Reuben se siekte. Na hy verlede jaar in November met AML leukemie gediagnoseer is, het dit vir 'n tyd lank gevoel asof ons wêreld heeltemal ineengestort het. Ons het net weereens besef, watter krag daar in gebed is! Die outjie kry maar baie swaar, maar ons is dankbaar om te noem dat hy nou na 4 chemo siklusse en weke en weke se hospitalisasie in Rooikruis, blyk vordering te maak.
Die ander wonderwerk waarin God voorsien het, is dat sy jonger boetie, Ru-an (6 jr) 'n 100%, perfekte pas is, om aan Reuben beenmurg te skenk, in 'n oorplanting. Ons weet nog nie wanneer hierdie prosedure sal gebeur nie. As almal asb nog steeds ons seun, Hannes en sy familie in hulle gebede kan hou, is ons baie dankbaar. Daar lê nog 'n reeks berge voor om oor te kom! (Hulle woon in Somerset-Wes)

Nouja, my trane van hartseer, maar ook blydskap hou ook nie op nie, maar ons dankbaarheid, teenoor almal wie vir ons bid, word so opreg waardeer.

Seënwense,
Susan

Jy kan nou die **ZAPPER selfoontoepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.
Vir meer inligting of navrae:
Charlene @ 021 853 5991

zapper
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

LIFELINE YOUTH

Ons nooi alle jongmense uit om vanaand saam te kom kuier♫
#keuses #watterpad

BOEKBEKEND-STELLING:



16 April, 10:00
Kom luister gerus na die boek-bekendstelling van die bekroonde skrywer, Barend Vos se nuwe Grootseun-boek by Hottentots-Holland Gemeente op Dinsdag, 16 April 10:00.
Hierdie is 'n funksie vir ALMAL wat gedurende die dag beskikbaar is.

Toegang gratis!
Laat weet asb. die kerkkantoor (021 852 5004) as jy dit wil bywoon.

Albertyn	Sara	04/09	89
Barnes	Ann	04/07	82
Botha	Tienie	04/04	84
Holtzhuizen	Lizzie	04/07	85
Rehder	Jan	04/23	93
Rocher	Heloise	04/27	84
Smit	Catharina	04/12	84
Van Der Merwe	Maria	04/30	89
Viljoen	Sus	04/18	83

BERG 80 VERJ: APRIL 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Num 6:24-26 ~ Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

SNUFFELMARK:

Ons Snuffelmark het sedert 16 jaar gelede het, klein begin en tot 'n hoogs suksesvolle diensaksie gegroei. Elke jaar werk ons vir 'n gemeenteprojek. Die laaste Woensdag van elke maand word sowat 30 tafels in die kerksaal vol gepak met goedere wat deur gemeentelede geskenk word. *So kry baie artikels wat in huise in onbruik is, nuwe lewe!*

16 Gemeentevroue woeker met mening. Ons het ook 'n uitreikprogram. Deur die jare is baie persone en instansies (waar daar nood is) onder ons aandag gebring. Dit is 'n groot voorreg om gereeld aan hulle te skenk. Ons is dankbaar dat ons in 2018 R9 000 kon bydra tot die aankope van 'n nuwe Dataprojektor vir die kinder -en jeugbediening. Ons het groot waardering vir almal wat so ruim bydra om van die mark 'n sukses te maak. **Baie dankie**. Tans is daar 'n tekort aan **KOMBUISWARE, BEDDEGOED, LINNE**, ens.
'n Spesiale dank ook aan ons koster (Wessel) en sy helpers, Victor en Rose.
Sonder hulle hulp sou ons nie die mas kon opkom nie.
Groot dank ook aan ons Hemelse Vader vir die krag om die taak te verrig.

Snuffelmarkgroete van Gail Fourie en span
Navrae: Gail Fourie @ 0837892190